SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting



Naam en van: HPM (Malan) van RHYN

Universiteit: NWU

Meesters: | **Doktoraal:** X | **Postdok:**

Studierigting: TEOLOGIE: NUWE-TESTAMENT

Titel van proefskrif of Verhandeling: **"Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament: 'n openbaringshistoriese studie, met besondere fokus op die begrip παρουσία."**

Datum van afhandeling: Nov. 2016 **Uitslag:** Ph.D toegeken Mei 2017

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Die titel is: **"Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament: 'n openbaringshistoriese studie, met besondere fokus op die begrip παρουσία."**

Die doel van die studie is om eksegeties-openbaringshistories vas te stel wat die geopenbaarde doel van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament is. Met ander woorde: Met watter *telos* openbaar God die feit dat Jesus Christus weer gaan kom aan sy kerk?

'n Woordstudie word oor die woorde ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, ἐπιφάνεια, ἔρχομαι, ἡμέρα, παρουσία en φανερόω gedoen. Die studie toon aan dat, hoewel die woorde almal na die wederkoms kan verwys, die woorde nie as volledige sinonieme hanteer kan word nie. Die gebruik van hierdie woorde in die Nuwe Testament word eksegeties-openbaringshistories ondersoek om tot 'n geheelbeskrywing van die *telos* van die openbaring van die wederkoms te kom.

Die studie toon aan dat die *telos* van die openbaring van die wederkoms in drie hoofdoelwitte omskryf kan word, naamlik:

1. Om kennis oor te dra.

2. Om gelowiges in die geloof te versterk.

3. Om gelowiges tot 'n daadkragtige geloofslewe aan te spoor.

Elke hoofdoelwit kan onderverdeel word in temas wat die *telos* van die openbaring van die wederkoms verder verwoord:

Die *telos* om kennis oor te dra, word in twee temas verwoord:

Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra.
Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom.

Die *telos* om gelowiges in die geloof te versterk, word in sewe temas verwoord:

Om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind.
As aanmoediging tot bekering.
As aanmoediging om in die ware geloof te volhard.
Om te troos.
Om geloofsekerheid te bevorder.
Om waaksaamheid te bevorder.
Om Woordbedienaars te bemoedig.

Die *telos* om gelowiges tot 'n daadkragtige geloofslewe aan te spoor, word in agt temas verwoord:

As aanmoediging om voor te berei vir die koms van die Here.
As aanmoediging om die Here getrou te dien.
As aanmoediging om heilig te lewe.
As aanmoediging tot gebed.
As aanmoediging om die Woord te verkondig.
As aanmoediging om liefde te bewys.
As aanmoediging om kalm te bly.
As aanmoediging om die Skrif lief te hê en reg te hanteer.

Sleutelwoorde: *Telos,* doel, openbaring, openbaringsdoelwit(te), openbarings*telos, kerugma,* wederkoms, wederkomswoorde, *parousia,* eksegeties-openbaringshistories(e), openbaringshistories(e), τέλος, ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, ἐπιφάνεια, ἔρχομαι, ἡμέρα, παρουσία en φανερόω.